



higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

**PLAASBEPLANNING EN MEGANISASIE
NKR VLAK 4**

(1011044)

**1 Desember 2020 (X-vraestel)
09:00–12:00**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

151Q1N2001

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
 2. Lees al die vrae aandagtig deur.
 3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 4. Begin elke afdeling op 'n skoon bladsy.
 5. Gebruik slegs 'n swart of blou pen.
 6. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A**VRAAG 1**

1.1. Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) neer.

1.1.1 'n ... pomp word gewoonlik in die druksmeerstelsel van trekkerenjins gebruik.

- A Sentrifugale
- B Rat
- C Draaiwiel
- D Plunjer



1.1.2 ... verander 'n organiese stof in 'n anorganiese stof:

- A Koolhidrate
- B Mineralisering
- C Ensieme
- D Lipiede

1.1.3 ... is die mate waarin grond water kan hou.

- A Waterkapasiteit
- B Dreinerings
- C Infiltrasie
- D Penetrasie



1.1.4 ... is die nielewende faktore in die omgewing.

- A Abiotiese faktore
- B Biotiese faktore
- C Die ekosisteme
- D Biodiversiteit

1.1.5 Alle diersoorte wat in 'n gebied voorkom, word ... genoem.


- A die flora
- B die fauna
- C deel van die pioniersgemeenskap
- D deel van die klimaksgemeenskap

1.1.6 Die is die beskutte kant, wat die teenoorgestelde van die loefsy is.

- A lykant
- B loefsy
- C skutkant
- D kielsy



1.1.7 Die mees geskikte groeitoestande vir 'n bepaalde plant of dier staan as sy ... bekend.

- A gasheer
- B habitat 
- C omgewing
- D beboubaarheid

1.1.8 'n Skeurploeg is veral geskik vir ...

- A die breek van hardebank.
- B diep ploeg.
- C die maak van vore.
- D tussenverbouing.


1.1.9 Die eerste spesie of gemeenskap wat in 'n leë gebied in ekologiese suksessie ontwikkel, word die ... gemeenskap genoem.

- A biotiese
- B lewende
- C pionier
- D klimaks 

1.1.10 'n Spesiegemeenskap wat 'n gebied bewoon en so goed ontwikkel het dat dit enige ander spesie uit die gebied verjaag, word die ... genoem.

- A suksessieplafon
- B klimaksgemeenskap
- C sekondêre suksessie
- D pioniergemeenskap

(10 × 1) (10)


1.2 Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. 

1.2.1 Die eerste plant-en-diergemeenskap wat op 'n nuut ontwikkelde stuk grond ontstaan, word die primêre suksessie genoem.


1.2.2 'n Silo is 'n lugdigte struktuur waarin graan of voer geberg word.

1.2.3 Karnivore leef slegs van herbivore.

1.2.4 Primêre landbou het betrekking op waardetoevoeging tot landbouprodukte.



1.2.5 Een van die funksies van boereverenigings is om politieke en regsverteenvoering vir boere te reël. 

1.2.6 Die vervoer van geriewe na en van 'n landboustreek is 'n sosio-ekonomiese faktor.



- 1.2.7 Die koelmiddel- en olievlak van 'n trekker se enjin moet elke keer nagegaan word as 'n trekker aangesit word.
- 1.2.8 Die kragoorbringstelsel het betrekking op die volledige roete wat krag van die enjin na die wiele volg. 
- 1.2.9 Bestaansboerdery beteken dat 'n boer net genoeg voedsel vir hom/haar en sy/haar gesin produseer.
- 1.2.10 'n Tarief is 'n soort belasting wat die staat op die prys van byvoorbeeld ingevoerde goedere hef.

(10 × 1) (10)

- 1.3. Kies 'n woord uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–P) langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.


KOLOM A		KOLOM B	
1.3.1	Kapitaal wat in plaasstrukture soos heinings, damme en kanale belê word	A	hidroulies
1.3.2	Geldsom wat die bank aan 'n boer leen	B	model C
1.3.3	Die doel daarvan is om implemente wat deur 'n trekker getrek word, aan te dryf	C	stuk grond
1.3.4	'n Individuele boer koop grond en stig 'n landbou-onderneming	D	vaste kapitaal
1.3.5	Stelsel wat werk met 'n vloeistof soos water of olie wat onder hoë druk deur 'n pyp gestuur word	E	krediet 
1.3.6	Die water diep onder die grondoppervlak	F	kragaftakker (KAT)
1.3.7	'n Stuk grond wat met gras en ander eetbare plantegroei bedek is, en wat vir weiding geskik is.	G	model B
1.3.8	Soort veld wat in gebiede met 'n hoë reënval en suur of alkaliese grond voorkom	H	teenblad
1.3.9	'n Eiendom waarop die eienaar 'n regstittel hou of 'n eiendom wat ingevolge 'n huurkontrak gehou word 	I	debiet
1.3.10	Die gedeelte waarvan 'n tjek of kwitansie afgeskeur word, en wat deur die persoon wat dit uitreik, gehou word	J	watertafel
		K	suurveld
		L	weiveld
		N	verbranding
		M	teenblad
		O	ratkas
		P	soetveld

(10 × 1) (10)

- 1.4 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings deur die antwoord langs die vraagnommer (1.4.1–1.4.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.
- 1.4.1 Belasting wat gehef word op alle voedselsoorte, behalwe basiese voedselsoorte, wat in Suid-Afrika in winkels te koop is 
- 1.4.2 Natuurlike veld wat in droë dele in neutrale of alkaliese grond groei.
- 1.4.3 Produksiegrond waarop gesaaides slegs van reënval afhanklik is.
- 1.4.4 'n Raamwerk waaraan alle dele van 'n ploeg direk of indirek vas is
- 1.4.5 Wol word so van die liggaam van 'n dier soos 'n skaap verwyder.
- 1.4.6 Plantspesies wat by 'n droë omgewing en min water aangepas het.
- 1.4.7 'n Stuk grond wat, nadat 'n oes afgehaal is, braak lê sodat dit weer vrugbaar kan word.
- 1.4.8 As 'n gewas gestamp word om die graankorrel en halm te skei.
- 1.4.9 'n Veeras met 'n kenmerkende voorkoms wat opsetlik van ouers van dieselfde soort geteël is. 
- 1.4.10 Gedrag wat sommige lewende organismes toon om hulle woongebied teen indringers te beskerm.




(10 × 1)

(10)
[40]**VRAAG 2**


- 2.1 Noem die hoofdoel van elk van die volgende:
- 2.1.1 Boerekoöperasie
- 2.1.2 Beesdrukgang
- 2.1.3 Veevoer 
- 2.1.4 Varkhok
- 2.1.5 Spuitdip

(5 × 2)


(10)

- 2.2 Gee EEN voorbeeld van elk van die volgende kategorieë van gesaaides:
- 2.2.1 Légumes
- 2.2.2 Wintergrane 
- 2.2.3 Knolle
- 2.2.4 Vruggroente
- 2.2.5 Somergraan behalwe mielies (5 x 1) (5)
- 2.3 Afhangende van die hulpbronne wat tot hulle beskikking is, is sommige boere meer as ander bereid om risiko's te loop. Hulle produksieplanne moet egter verander word om met onsekere tye rekening te hou.
- Produksiediversifisering en insetrantsoenering word die meeste in onsekere tye toegepas. 
- 2.3.1 Verduidelik die term *diversifisering* in 'n boerderyonderneming. (2)
- 2.3.2 Adviseer 'n boer oor insetrantsoenering om by onsekerheid aan te pas. (4)
- 2.4 Noem EEN soort ras wat elk van die volgende produkte produseer:
- 2.4.1 Vleis (braaihoenders)
- 2.4.2 Spek
- 2.4.3 Eiers
- 2.4.4 Botter
- 2.4.5 Varkvleis  (5 x 1) (5)
- 2.5 Noem die faktore waarmee 'n boer rekening moet hou as hy 'n soort veeproduksie moet kies. (2 x 2) (4)
- [30]**
- TOTAAL AFDELING A: 70**

AFDELING B**VRAAG 3**


- 3.1 Noem VIER faktore wat die inwendige kwaliteit van vrugte bepaal. (4)
- 3.2 Noem TWEE tegnieke waarvolgens vrugte gepluk word.  (2)
- 3.3 Noem VIER vrugtegraderingskategorieë. (4)
- 3.4 'n Boer bestee R5 000 per twee hektaar om vyf ton mielies per hektaar te produseer. 'n Ton mielies word teen R2 000 verkoop.
Bereken die opbrengs op die geld wat aan die produksie bestee is. (4)
- 3.5 Verduidelik hoe die SWOT-ontledingstegniek in 'n boerderyonderneming gevolg kan word. (6)
- [20]**

**VRAAG 4**

- 4.1 Noem SES faktore wat die aanbod van goedere bepaal. (6)
- 4.2 Bespreek VIER eksterne faktore wat die doeltreffendheid van handkrag beïnvloed. (4 x 2) (8)
- 4.3 Noem die VIER faktore wat 'n boer gereeld moet kontroleer om die doeltreffendheid van 'n enjin te verseker. (4)
- 4.4 Noem TWEE nadele van handkrag.  (2)
- [20]**

VRAAG 5

5.1 Bestudeer die diagram hier onder en beantwoord die vrae.



[Bron: Plaasbeplanning en Meganisasie NKR Vlak 4]

- 5.1.1 Benoem die onderdeel wat op die diagram genummer is, en skryf slegs die antwoord langs die nommer (1-12) in die ANTWOORDBOEK neer. (12)
- 5.1.2 Noem TWEE hoofonderdele van 'n koppelaar. (2)
- 5.1.3 Noem TWEE belangrike funksies van die onderdeel wat in die diagram hier bo 10 genummer is. (2)
- 5.2 Bespreek die korrekte prosedure vir die onderhoud van 'n verkoelingstelsel. (8)
- 5.3 Verduidelik die DRIE moontlike oorsake van verkoelerlekke. (3)
- 5.4 Paaie en voetpaaie is van die belangrikste infrastruktuur op 'n plaas.
- 5.4.1 Verduidelik hoe 'n pad wat nie met die grond gelyk is nie, gevaarlik kan wees. (2)
- 5.4.2 Noem DRIE eienskappe van 'n goeie plaaspad. (3)
- 5.5 Werkers moet uiters versigtig wees as hulle met hidrouliese toerusting werk. Hidrouliese druk is so groot dat 'n mens beserings kan opdoen as hidrouliese toerusting lek of ontplof.
- Noem VIER voorsorgmaatreëls as jy met hidrouliese toerusting werk. (4 x 2) (8)

[40]

TOTAAL AFDELING B: 80
GROOTTOTAAL: 150